PERSVERKLARING
SANTA SHOEBOX-PROJEK
Junie 2018

"DIS HOOGTYD"

KERNBERIG

Die Santa Shoebox-projek is byna 'n tiener! Op die ouderdom van 12 jaar het Suid-Afrika se mees geliefde kinderliefdadigheidsprojek reeds die lewens van 762 594 minderbevoorregte kinders oor die hele Suid-Afrika en Namibië geraak.

Wanneer skenkers hul verbind tot 'n Santa Shoebox, beloof hul aan 'n kind die geskenk van eiewaarde en verwesenlike potensiaal. Hierdie is soveel meer as "net" 'n skoenboks; elke skenker vul 'n versierde skoenboks met 8 vereiste items – 'n tandeborsel en tandepasta, seep en 'n waslap, skoolbenodighede, 'n speelding, lekkergoed en 'n uitrusting klere.

Vir die eerste keer in die projek se geskiedenis sal skenkers dié jaar 'n volle maand vroeër – op 1 Augustus – hulself kan verbind tot 'n boks. Van dié datum af kan skenkers kinders wat in hul area woon kies, en sodoende hul eie groter gemeenskap ondersteun.

Hoof Uitvoerende Beampte en Stigter van die projek, Irené Pieters, sê: "Die projek het 'n lewe van sy eie! Elke jaar bring verandering. Ons het na ons ondersteuners – borge, begunstigdes en vrywilligers – geluister, en ingevolge hul versoeke aan hul die geskenk van tyd gegee, deur die jaareind-gejaag effens te verminder."

Een jaar in ons "Mars tot 'n Miljoen"-veldtog in, is TYD van die uiterste belang! Die tyd stap aan en daar is geen beter tyd as vandag om betrokke te raak nie. Om seker te maak jy kry die nuutste nuus oor ons veldtog en bly op hoogte van ons mylpale en sperdatums, hou asseblief van die Santa Shoebox-bladsy op Facebook (/Santa Shoebox) en besoek ons webtuiste (www.santashoebox.org.za)om te registreer of jou ondersteunersprofiel op te dateer.

ADDISIONELE BOODSKAPPE
Hierdie jaar hoop die projek om nog 'n massiewe sprong na die magiese miljoen te gee, en 115 000 skoenbokse wat met liefde gemaak is te ontvang.

4 000 virtuele skoenbokse sal ook aangebied word om aan besige skenkers, of diegene wat vêr woon, die geleentheid te gee om die inhoud van 'n verpersoonlikte skoenboks te kies, wat dan deur vrywilligers gepak sal word. 'n Generiese opsie sal ook beskikbaar wees, en dié word dan aan kinders in afgeleë landelike areas, wat andersins nie 'n skoenboks sou ontvang nie, geskenk.

EINDIG

Redakteursnotas:
Die publiek word genooi om aan die Santa Shoebox-projek deel te neem deur te registreer as ondersteuner op www.santashoebox.org.za. Vanaf 1 Augustus kan skenkers die kind/ers vir wie hul ‘n skoenboks wil borg kies.

Die versierde skoenbokse moet op bepaalde datums in September en Oktober by sentrale afsetpunte oor die land afgelaai word. ‘n Lys van dié punte kan hier verkry word: http://santashoebox.org.za/find-my-local-dropoff/

Die volgende items word vereis om ‘n volledige Santa Shoebox te pak:

1. Standaardgrootte skoenboks of plastiekhouer met die boks en deksel apart toegedraai
2. Etiket met QR-kode wat die skenker sal ontvang tydens die aanlyn borgproses
3. Tandeborsel
4. Tandepasta
5. Waslap
6. Seep
7. Speelding
8. Volledige uitrusting
9. Skryfbehoeftes
10. Lekkergoed

Let asseblief daarop dat alle items nuut, ongebruik en ouderdomsgeskik moet wees.

Fidusiêre Inligting
Die Santa Shoebox-projek behaal as Vlak Een B-BBEE Bydraer 100 punte op die generiese telkaart, en ons Afdeling 18A status stel ons in staat om kwitansies vir skenkings vir belastingdoeleindes uit te reik. Die projek is ‘n inisiatief van die JOG Trust (IT2671/2009). The Trust is geregistreer as ‘n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO-930031301), en ‘n Organisasie sonder Winsbejag. (OSW 102-098). The Santa Shoebox-projek word deur PwC geoudit.

Sosiale media:

Facebook: /SantaShoebox

Twitter: @SantaShoebox

Instagram: /santashoebox

YouTube: The Santa Shoebox Project

Pinterest: /santashoebox

Vir meer inligting, kontak asseblief:

Debbie Zelezniak - Hoof Bedryfsbeampte

082 377 1819 / debbie@santashoebox.org.za

Hoë-res fotos is beskibaar